

27 Februarie 2022



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za



Spieëltjie, Spieëltjie
2 Korintiërs 3:18
27 Februarie @ Hoogland

Program vir die dag

09:00 Oggenddiens : Ds Pieter Nel

10:00 Geloofsvormingsgroepe in onderskeie lokale

(10% van Sondag se dankoffers word gegee vir die Noodspens)

Indien u vanoggend 'n nuwe intrekker/-lidmaat of 'n besoeker in die gemeente is, wil ons net sê:

***Baie welkom by die Hoogland-familie!
Mag Hoogland u geestelike tuiste word.***

Program vir die week

Dinsdag: 1 Maart

14:00 Vroue Bybelstudie

Woensdag: 2 Maart

18:00 Faith, Fire, Friends

18:30 Aswoensdagdiens

Donderdag: 3 Maart

18:30 Wêreldbiddag vir vroue-program

Vrydag: 4 Maart

Wêreldbiddag vir vroue

05:30 Mannebediening

Saterdag: 6 Maart

Wêreldbiddag vir mans

Hoogland Dankoffers



Snap here to pay



Bankbesonderhede

NG Kerk PE Hoogland
ABSA

Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005



Zapper

Hoogland Aanlyn



079 815 9325



facebook.com/
pehoogland



#hooglandpe



PE Hoogland

Aswoensdagdiens: 2 Maart 18:30

Eerskomende Woensdag, 2 Maart, Aswoensdag, is die begin van Lydenstyd in die kerkjaar.

Kom wees deel van 'n baie spesiale Nagmaalsgeleentheid.

Lydenstyd 2022: Getuienis in die wêreld om ons...

Vanaf Aswoensdag sal daar **rooi lappe** rondom van die bome op die kerkterrein gedraai word.

Dit dien as getuienis in ons leefwêreld / omgewing dat die kerk in Lydenstyd is.

Sal dit nie 'n kragtige getuienis wees as elke Hoogland gesin êrens by jou huis 'n rooi lap om 'n boom draai of rooi lint aan jou hek/deur vasmaak nie. Soos wat ons deur die woonbuurte ry sal ons getuienis sien van lidmate wie se *geloof deur liefde tot dade oorgaan*.

Wanneer iemand dan vra waarvoor hierdie rooi lappe is, gee dit vir elke Hooglander die geleentheid tot verdere getuienis deur te vertel van Jesus se kruisdood en opstanding. Hierdie rooi lappe/linte word weer afgehaal op Opstandingsondag, 17 April, want dit is die dag waarop Jesus finaal die dood oorwin het.

Indien jy nie 'n rooi lap het nie, is daar vanaf Sondag, 27 Februarie beskikbaar by Gemeentedienste na afloop van die erediens teen **R30** elk.



Hoogland Jubeljaar: #19

GETUIENIS-DAAD

Neem hierdie week 'n rooi lint of koop 'n stuk rooi materiaal by die kerkkantoor. Bind dit vanaf ASWOENSDAG buite om jou voordeur/hek/ boom/jou motorsleutels/handsak/jou kind se skooltas of deel dit met jou bure as deel van Hoogland se Getuienisdaad in die wêreld hierdie Lydenstyd.



Hoogland word 50!

Deel van Hoogland se feesvieringe behels dat daar deur die jaar aandenkinge beskikbaar gaan wees. Die eerste is die donkerblou T-hemde met die 50-jaar logo op wat Hooglanders deur die jaar kan dra.

Daar is van vandag *tot 6 Maart 2022* geleentheid om jou bestelling te plaas vir die eerste lot ("batch") om hopelik beskikbaar te wees vir die Gemeentekamp!

Ons beoog om een keer per maand te bestel soos nodig.

Pryse: Kinders : 2-14 jaar R70 / Volwassenes : S-3XL R100

Dit werk maklik.

1. Voltooi die bestelvorm in duplikaat. (Die een helfte is vir die kantoor die ander helfte hou u) Neem asseblief kennis van die verwysingsnommer REGS BO in die hoekie vir enige navrae asook EFT - betalings.
2. Handig een in by Gemeentedienste of die kerkkantoor of skandeer en e-pos dit na annalize@pehoogland.co.za
3. U kan vandag, asook volgende Sondag, na die groottes kom kyk in die Voorhuis of deur die week by die kerkkantoor. U sal nie kan aanpas nie, ter wille van higiëniese redes.
4. Hou ons sosiale media dop – ons sal laat weet wanneer dit beskikbaar is.
5. Betaling geskied wanneer u dit afhaal – verkieslik in kontant met die korrekte bedrag of bewys van die EFT betaling.

**Kry gerus jou T-hemp en kom Vier saam met Hoogland
haar 50ste Jubeljaar!**

GELOOF DEUR LIEFDE TOT DADE:

Hout verkope: Ondersteun asseblief die NG Gemeente Paterson wat droë doringhout verkoop @R30/sak. Skryf jou bestelling op die bestelvorm by die twee hoofdeure neer en BETAAL MET AFHAAL. Ons sal jou laat weet wanneer dit hier is!

'n Fiets vir Joseman: Hoogland se staatmaker, Joseman, is asseblief opsoek na 'n fiets waarmee hy daagliks werk toe en terug kan ry! Inden daar iewers 'n ongebruikte fiets by jou rondstaan, wat jy graag vir hom wil skenk, laat weet asseblief die kerkkantoor!

Erediensbediening: Hoogland beleef tans 'n tekort aan hande by bv. die opneem van dankoffers, die bediening van koffie na die diens, hulp met nagmaal bediening asook die hartlike verwelkoming by die deure as u instap.

Indien u graag wil aanmeld as deel van die Erediensbediening, gesels gerus met Leandra in die kerkkantoor. Die personeel onderneem om jou as nuweling mooi op te lei en deel te maak van die spesifiek span waarby jy wil inskakel.

Hoogland Famieliekamp : 1 - 3 April te Innikloof (14km buite Hankey)

Daar is nog kampstaanplekke & 1 huisie beskikbaar.

Bespreek asseblief dadelik by Leandra in die Kerkkantoor as jy en jou familie wil kom saam kamp. Moenie hierdie kuiergeleentheid misloop nie.

Vir die Hooglanders wat nie saam kan kom kamp nie, julle is welkom om die Saterdag of Sondag saam met die kampers te kom kuier, swem en lekker braai.



Die Dameskring

Die Dameskring inspireer en bemagtig Afrikaanse Christenvroue om as leiers en positiewe verskilmakers die Afrikaanse kultuur uit te leef, hul gemeenskapse dinamies te dien en te help bou aan ons land, Suid-Afrika. Waak en werk!

OOS-KAAP 3
WÊRELDIDDAG VIR VROUE
3 MAART 2022

Tema:
"Ek weet wat Ek
vir jou beplan"
Jer 29:11

Lande: Engeland, Wallis en
Noord-Ierland

Tyd: 18:30

Plek: PE Hoogland gemeente
Isobellaan 1, Charlo



Offergawes: Ten bate van Helenvale Gemeente
Kom geniet 'n koppie koffie/tee saam met hartsvriendinne.

Die Dameskring van Port Elizabeth bring hierdie jaar 'n spesiale **Wêreldbiddag vir Vroue-program** na Hoogland gemeente!

Elke vrou in die Hoogland-familie word uitgenooi om by hulle aan te sluit en die hierdie spesiale geleentheid saam met al die vroue in die wêreld te geniet!

Donderdag, 3 Maart om 18:30
te PE Hoogland gemeente
Bring gerus 'n vriendin saam!

Moenie volgende Sondag se Familiediens misloop nie!